**Vrydag 31 Julie**
**Skrifgedeelte: Nehemia 9**
**Fokusgedeelte: Nehemia 9:30-31**
**God se lankmoedigheid met sy volk: Lankmoedige genade**

In hierdie aangrypende gebed bely Nehemia die tragiese geskiedenis van Israel se volgehoue ongehoorsaamheid – en tog, telkens, die ondenkbare lankmoedigheid van God. Vir baie jare het Hy sy volk verdra. Hy het profete gestuur, gevul met sy Gees, om hulle te waarsku en terug te roep. Maar hulle wou nie luister nie.

En tog – Hy het hulle nie vernietig nie. God se lankmoedigheid is egter nie passiewe verdraagsaamheid nie, maar aktiewe liefde – ’n geduld wat vasbeslote is om te red en te herstel. Selfs ná oordeel bly Hy genadig en teenwoordig. Hierdie God is nie vinnig om op te gee nie.

God se lankmoedigheid vind sy hoogtepunt in Jesus Christus. Terwyl ons nog sondaars was, het Christus vir ons gesterf (Rom. 5:8). Waar God vroeër deur profete gespreek het, spreek Hy in die laaste dae deur sy Seun (Heb. 1:1-2). Hy word die Oordeel en die Genade in een, deur ons straf op Hom te neem. Jesus is die volmaakte openbaring van God se genadige hart. Hy verdra nie net ons sonde nie, maar dra dit. In Christus sien ons hoe ver God bereid is om te gaan om sy mense te red – selfs tot aan die kruis.

Dink aan God se geduld met jou – die kere wat Hy gewaarsku het, vergewe het, gewag het. Is jy nog doof vir sy roepstem, of gereed om te antwoord? Sy lankmoedigheid is nie eindeloos vir uitstel nie, maar ’n uitnodiging tot bekering. In Christus is daar altyd hoop vir herstel.

God se lankmoedigheid roep jou egter nie op tot gemaklikheid in sonde nie, maar tot diepe dankbaarheid en bekering. Hy het jou nie verlaat nie, selfs as jy afgewyk het. In Christus is daar altyd ’n pad terug. Hoor vandag sy stem, en keer terug na die hart van die Vader.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2, 3*

*Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)*